

Uitstaller Aansoekvorm

Aangepas agv Covid-19



Liggies vir Lewe-Fees - 2020

28 November 2020 – 2 Desember 2020

1. Voltooi die aansoekvorm en maak seker jy verstaan die Bepalings en Voorwaardes.
2. Stuur jou voltooide aansoekvorm na: ngpparkkomm@mweb.co.za
3. **Alle aansoeke sluit 29 Oktober 2020** – geen uitsonderings.
4. Ons sal uitstallers in kennis stel wanneer die R250 deposito + uitstaande gelde betaal moet wees (ons wag op die regering vir 'n aanduiding oor die vlakke van inperking).

Aansoeker naam en van: _____

Naam van besigheid/stalletjie: _____

Aansoeker ID Nommer: _____

(Afskrif van ID moet saam met aansoek ingedien word)

Aansoeker adres: _____

Kontakbesonderhede Telefoon: _____

Eposadres: _____

Produk/te beskrywing: _____

Bv: kos, tuisgebak, roomys, handwerk, klere, juwele – asook beskrywing

Foto's aangeheg: Ja / Nee (***Dit sal voorkeur gee aan jou uitstalling***)

Uitstalruimte: Merk die uitstalruimte waarvoor jy aansoek doen

Vereiste	Koste	Deposito	Uitstaande bedrag
3x3	R 1 000		
6x6	R 1 800		
Kos	R 1 500		
Kragpunt	R 300		
Staaltafel	R 100		
TOTAAL			

Kragvereistes: _____

(nl waarvoor het jy krag nodig; en watse tipe krag, bv 220v)

Opmerkings: _____

BEPALINGS EN VOORWAARDES

Aangepas agv Covid-19

1. Die sluitingsdatum vir alle aansoeke is uitgestel na 29 Oktober 2020. Geen aansoeke word aanvaar sonder 'n ID dokument nie.
2. Geen deposito's en ander betalings word op die oomblik aanvaar nie – ons sal duidelike kommunikasie aan uitstallers gee wanneer ons enige fooie gaan aanvaar.
3. Suksesvolle/afgekeurde applikante word per epos in kennis gestel, teen nie later as 9 November 2020 nie.
4. Alle aansoekvorms moet met foto's en beskrywings van produkte vergesel word. Geen ander produkte word tydens die fees toegelaat nie.
5. **Omdat ons alle stalletjies evalueer op grond van die produkte wat by die fees aangebied gaan word, mag stalletjies onder geen omstandighede ander produkte ook aanbied nie. Ons wil sover moontlik duplikasie van produkte beperk.**
6. NG Proteapark doen alle plasinge van stalletjies. NG Proteapark behou ook die reg om stalletjies rond te skuif. Stalletjiehouers mag nie spasies onder mekaar rondskuif sonder die goedkeuring van NG Proteapark nie.
7. Dis elke stalletjiehouer se verantwoordelikheid om hul stalletjie netjies te hou deur die verloop van die fees.
8. Alle kosstalletjies **moet voldoen aan die munisipale regulasies**, en dokumentasie moet ingesluit word by die aansoekvorm. Alle kosstalletjies moet 'n brandblusser hê tydens die fees.
9. Kragvereistes moet jou aansoekvorm vergesel en goedgekeur word deur NG Proteapark se terreinbestuurder.
10. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik om hul eie kragverlengings en kragproppe te voorsien – neem kennis dat alle kables deur NG Proteapark se terreinbestuurder goedgekeur moet word.
11. Neem asb kennis dat ons geen beheer oor Eskom se beurtkrag het nie. Die kerk het 'n kragopwekker wat tydens die fees beskikbaar sal wees en sal poog om alle stalletjiehouers te akkommodeer. Maar ons kan ongelukkig nie kragvoorsiening waarborg onder hierdie omstandighede nie.
12. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik vir hul eie stoele, tafeldoeke, liggies, gazebo's ens.
13. Omdat dit 'n Liggiefees is, moet alle stalletjies met liggies opgemaak wees. Pryse word aangebied vir uitstallers wat baie moeite doen om hulle stalletjies te versier.
14. URE: Alle stalletjies moet tussen 16:00 en 21:00 oop en beman wees. Elke uitstaller beman hul eie stalletjie.
15. **Alle nodige maatreëls sal getref word ten opsigte van veiligheid en sekuriteit, maar NG Proteapark neem geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese nie.**
16. Staaltafels en kragpunte is onderhewig aan beskikbaarheid.
17. Alle stalletjiehouers is verantwoordelik vir hul eie akkommodasie en -koste tydens die fees. Niemand mag op die kerkterrein tydens die feestydperk oornag nie. Maak asb vroegtydig voorsorg.
18. Stalletjiehouers moet Donderdag, 26 November of Vrydag, 27 November hulle stalletjies kom oprig. Finale afronding word op Saterdagoggend, 28 November gedoen. Maak asb vroegtydig met Christel Herbst reëlings indien jy enigsins onseker is. Die fees begin Saterdag om 14:00.
19. **Geen stalletjies mag alkohol of koeldrank verkoop nie. Alle koeldrankverkope, boereworsrolverkope en sosatieverkope word deur NG Proteapark self gedoen.**
20. NG Proteapark is verantwoordelik vir die bemerking van die fees. NG Proteapark neem egter geen verantwoordelikheid vir produkte wat nie verkoop word nie, en kan geensins waarborg dat spesifieke produkte verkoop gaan word nie. Ons poog om genoeg mense bewus te maak van die fees. Ons maak staat daarop dat jy ook die nodige bemerking vir jou eie stalletjie sal doen.
21. **Parafeer asb beide bladsye vir kennisname en goedkeuring.**
22. **NEEM KENNIS DAT DIE FEES STRENG VOLGENS COVID-19 MAATREËLS GEHOU SAL WORD. BEPALINGS EN VOORWAARDES KAN VERANDER.**
23. Vir verdere navrae, kontak gerus vir Christel Herbst by ngpparkkomm@mweb.co.za.